

Mospilan 20 SP

Reg. Nr. / No. L5899 Wet Nr. / Act No. 36 van / of 1947

'n Wateroplosbare sistemies, kontak en maaginsekodder in korrel vorm vir die beheer van plaë in sitrus, katoen, tamaties, kanola, koring, gars, hawer, appels, pere en druive soos aangedui.



NUWE REGISTRASIE

GEWAS / PLAAG	DOSIS / 100 l WATER OF SOOS AANGEDUI	OPMERKINGS
Appels en Pere Kodlingmot (Cydia pomonella)	50 g plus Bladbuff buffer	Dien toe gedurende eerste tot vroeë tweede generasie van kodingmot (mid November tot mid Desember) met intervale van 10-14 dae. Moet nie meer as 2 toedienings per seisoen toedien nie. Mospilan 20 SP moet gebruik word as deel van 'n program met ander nie-verwante geregisterde produkte vir die beheer van kodingmot Let op die onthoudingsperiode.
Pere witluis (Pseudococcus obscurus)	50 g plus Bladbuff buffer	Dien toe wanneer die kruipers begin beweeg, maar voor die kelk van vrugte binnegedring is. Herhaal die toediening indien nodig 10-14 dae later. Moet nie meer as 2 toedienings per seisoen toedien nie. Hierdie toedienings sal ook kodingmot beheer, maar moet dan nie 'n interval van 14 dae oorskry nie. Let op die onthoudingsperiode.

 **Plaaskem**
Tel: (+27 11) 823 8000
www.plaaskem.co.za

 **UAP**
CSOP CARE 'n Afdeling van Plaaskem
Tel: (+27 21) 868 4063
www.uap.co.za





Witluise op pere. Die sagter dele van vrugte is die vatbaarste vir plae.

BESTRY PLAË voor dit te laat is

Om te keer dat plae die oorhand in boorde en wingerde kry, is deeglike, gereelde inspeksies en doeltreffende bestryding nodig. Die boer moet ook miere en onkruid uitroei.

Dit is vir geen vrugteboer 'n geheim dat die aktief groeiende dele van 'n plant die vatbaarste vir plae is nie. Die rede vir dié kwesbaarheid is dat die weefsel in daardie deel van die plant baie sag en vogtig is.

Volgens dr. André Cilliers van Plaaskem is Mospilan (reg.nr. L5899, Wet 36 van 1947) 'n sistemiese insekdoder wat in die plant se xileem na die aktief groeiende dele beweeg en plae daar hokslaan. Dié middel, met asetamipried as aktiewe bestanddeel, is vir gebruik by 'n wye reeks plante geregistreer.

Cilliers sê die middel is veral doeltreffend teen suigende insekte, soos plantluise, dopluise en witluise. Dit beveg ook kodlingmot, blaaspoottjies, blaarmyners en witvlieë.

Witluise is veral 'n probleem in boorde en wingerde. Om te verhoed dat hierdie insekte die oorhand in wingerde kry, is die bestryding van miere en onkruid in die wingerd ook belangrik. Miere teer op die heuningdou wat plant-

wit- en dopluise afskei en beskerm hulle. Onkruid wat hoog in die wingerd groei, verleen aan die miere toegang tot die stokke en maak dus enige stambehandeling wat vir miere gebruik word ondoeltreffend. Sommige soorte onkruid huisves ook witluise op hul wortels.

Verder is doeltreffende monitoring noodsaaklik om besmetting met witluise te bekamp. Monitoring met feromoonlokvalle asook stokinspeksies moet van begin Oktober elke twee weke gedoen word, sê Cilliers.

Witvlieë, wat veral skade aan katoen aanrig, suig plantsap en is nie werklik vlieë nie. Dié plaag verbruik so baie van 'n plant se sap dat die plant se groei en vrugvorming tot stilstand kom. Hulle skei ook baie heuningdou af, wat die plantvesels onverwerkbaar maak. Verder groei daar 'n swart swam (roetskimmel) op die stroopbedekte blare, wat die situasie vererger.

Vir die bestryding van die bogenoemde plae kan Mospilan gebruik word. Asetamipried behoort aan die chemiese

groepering nikotinoïdes.

Mospilan is tans vir gebruik by sitrus, katoen, tamaties, koring, kanola, gars, hawer, tafeldruiwe, appels en pere geregistreer. Die aanbevole dosis wissel van 40 gram tot 50 gram per 100 liter water. Appels en pere is 'n onlangse toevoeging tot die lys. Vir die bestryding van witluis en kodlingmot by dié gewasse is die aanbevole dosis 50 gram per 100 liter water.

Volgens Cilliers is goeie bedekking en die regte tyd van toediening noodsaaklik om sukses met Mospilan te behaal.

In die sagtevrugtebedryf moet die middel vroegtydig – voordat witluis in die kelk-end van vrugte of druiwetrosse inbeweeg – toegedien word.

Die middel het 'n lang nawerking en Cilliers beveel 'n maksimum van twee toedienings per seisoen aan.

Mospilan is nie verenigbaar met middels wat 'n sterk alkaliese reaksie tydens verdunning het of met sterk alkaliese spuitwater nie. Daar is egter middels beskikbaar wat gebruik kan word om alkaliese spuitmengsels te buffer. **□**



**LANDSWYE BEMARKING
VAN VARSPRODUKTE**

Vir meer inligting kontak
HOOFKANTOOR:
(012) 460-9910

* BLOEMFONTEIN	(051) 433-1068
* JOHANNESBURG	(011) 613-8611
* OOS-LONDEN	(043) 745-1227
* KAAPSTAD	(021) 532-2213
* KIMBERLEY	(053) 833-3090
* KLERKSDORP	(018) 469-2730
* PIETERMARITZBURG	(033) 386-5366
* PRETORIA	(012) 326-8821
* SPRINGS	(011) 362-1187
* VEREENIGING	(016) 451-4189
* WELKOM	(057) 355-5800
* WITBANK	(013) 656-3317

"U PRODUK KAN NA ENIGE TAK VAN U KEUSE
GESTUUR WORD WAAR MEDEDINGENDE
PRYSE VIR U BEHAAL WORD"



CITIFRESH MARKAGENTE JHB
(011) 613 4344



PROTEA MARKAGENTE PTA
(012) 326 8821



KIMBERLEY VARSPRODUKTE AGENTE
(053) 833 3414